

DIERESORG

LEWENDE HAWE IN SA 'WORD GOED BESKERM'

AFRIKA word dikwels ongeregverdig beskou as 'n vasteland waar dieresorg in die algemeen swak en verwaarloos is. Terwyl dit waar kan wees van talle lande, is dit nie 'n gebalanseerde weerspieëling van die situasie in Suid-Afrika nie, sê prof. Gareth Bath, voorsitter van die koördineringskomitee vir dieresorg.

Hoewel dit nie ontken kan word dat daar verskeie toestande is wat tot kommer lei en situasies bestaan waar diere se welstand bedreig word nie, is daar doeltreffende wette, standaarde, kodes, ooreenkomste, waarnemingstelsels en, indien nodig, vervolgingsmeganismes om die welstand van diere waar moontlik te beskerm, sê hy. Dié ineenstrengelde stelsels en organisasies werk saam ter verbetering van diere se lewens en kan ook as 'n realistiese model vir ander lande in Afrika dien.

OPVOEDING

Opvoeding en oorrading van die publiek dat dieresorg 'n prysenswaardige doelwit is, kan 'n groot bydrae lewer. Openbare bewuswording en 'n verandering in houding word ook bevorder deur die simpatie en publisiteit wat van die meeste media-organisasies verkry word. Meningsvormers moet gewerf word om betrokke te raak by dié proses.

ONDERSTEUNING

Een van die grootste sektors wat met die beskerming van diere betrek moet word, is die groot organisasies wat diere besit en verwerk. Telersgenootskappe, boereverenigings, voerkrale, vervoermaatskappye, afslaaers, verkopers en abattoirs moet aktief deelneem met die daarstelling en bevordering van minimum vereistes in die vorm van 'n kode van beste praktyk.

Die meeste groot organisasies het reeds so 'n kode. Die groot probleem lê by klein, informele of hulpbehoewende vee-eienaars.

WETGEWING

'n Derde vereiste, wat aan die eerste twee verwant is, is 'n wetgewende raamwerk wat onderliggend aan alle ander inisiatiewe moet wees. In dié verband is Suid-Afrika ver gevorder. Sommige van die wetgewing dateer uit die vorige eeu. Dit is steeds doeltreffend, en selfs doeltreffender as dit deur bedryfsnorme en -standaarde gerugsteun word. Ongelukkig ondersoek die polisie en aanklaers beweerde gevalle van dieremishandeling of verwaarlosing nie altyd soos wat hulle moet nie. Dit

word dikwels aan nie-regeringsorganisasies oorgelaat om die dryfveer agter dié sake te wees. 'n Verdere groot probleem is om dierekwessies te bevorder, terwyl geloofsen kulturele vryhede wat in die Grondwet beskerm word, steeds toegelaat word.

Daar is steeds baie onopgeloste botsings in dié verband.

Die huidige knelpunt is om 'n hoër voorrang-gradering by die publiek te bewerkstellig.

ORGANISASIES

Nóg 'n vereiste is 'n omvattende stel organisasies, binne én buite die regering, wat die sorg van en agting teenoor diere bevorder en verdedig. Suid-Afrika het verskeie aktiewe, toegespitte nie-regeringsorganisasies wat 'n bewonderingswaardige taak in die belang van 'n wye verskeidenheid van diere verrig. Die huidige knelpunt is om 'n hoër voorrang-gradering in die gedagtes van die publiek en politici te bewerkstellig.

Dit is 'n moeilike taak in 'n land waar basiese menseregte en kwessies soos armoede, werkloosheid, swak onderrig, behuising en gesondheidsorg met reg as van veel groter belang beskou word.

OP DIE PLAAS-KONTROLELYS

Die koördineringskomitee het besluit dat die veteriniere en para-veteriniere professies die welstand van vee op plase op 'n konsekwente en verdedigbare wyse moet evalueer.

'n Gestandaardiseerde kontrolelyns en puntstelsel sal 'n bydrae lewer om dié doelwit te bereik.

Die volgende aspekte moet in ag geneem word:

- Kennis van bedryfskodes, standaarde, riglyne en wette en die behoorlike toepassing daarvan.
- Kennis van goeie bestuursroetines, dieregedrag en die beste metodes van hantering. Weet die boer wat goeie roetines in die bestuur van lewende hawe is en word dit gevolg? Die manier waarop diere beweeg en reageer sal bepaal of hulle korrek hanteer word.

- Opleiding van dierehanteerders, monitering van konsekwente toepassing en die neem van gepaste regstellende aksies. Is die personeel opgelei, wanneer en deur wie? Neem die boer gereeld waar hoe diere hanteer word en word foute reggestel?
- Hanteringsgeriewe moet korrek wees en toerusting moet behoorlik in stand gehou word. Ondersoek die hanteringsgeriewe om seker te maak dit kan diere nie leed aandoen nie en sien toe dat alle toerusting wat gebruik word, toepaslik is en goed onderhou word.
- Die beste metodes vir die uitvoering van roetine-plaasprosedures, met die kennis van gepaardgaande risiko's en hoe dit tot die minimum beperk kan word. Gebruik die boer die beste metodes wat geskik is vir die toestande op die plaas en is hy/sy bewus van die risiko's wat bestaan en hoe om dit te beperk of te voorkom?
- Monitering van die beskikbaarheid en gehalte van voer en die neem van gepaste regstellende aksies indien nodig. Maak die boer seker daar is genoeg voer en die regte voer is beskikbaar vir elke kategorie van die lewende hawe? Is hy op hoogte van die kondisie van sy vee? Word daar gepaste stappe gedoen wanneer voer skaars is?
- Teelbeleid en -bestuur, veral wat betref die versorging van nuwe aankomlinge. Word vee op die beste tye geteel om te verseker dat die nageslag gebore word in tye wanneer daar genoeg voer en 'n lae risiko van siektes is? Word kalwers en lammers goed teen gevare beskerm?
- Monitering van gesondheid en welstand en die doen van die regte stappe, naamlik behandeling. Is daar maniere waarop gesondheid en welstand geëvalueer kan word? Word probleme vinnig en noukeurig geïdentifiseer en word die beste behandeling toegepas?
- Gepaste stappe om siektes te voorkom of te beperk. Word die regte inentings en doserings op die korrekte tye toegedien? Is daar doeltreffende maatreëls om faktore wat tot die risiko bydra, te verminder of te verwyder?
- Die beskikbaarheid van voldoende rekords om die vlak van dieresorg te beoordeel. Daar behoort rekords van tye en die aantal vee wat geïdentifiseerde siektes opgedoen het te wees, asook van beserings en onwenslike omstandighede wat die vee se welstand bedreig, en die aksies wat gevolglik geneem is.



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY
TEL. 012 349 1102 | E-POS: rpo@lantic.net | WEBWERF: www.rpo.co.za